

# FONTAINEBLEAU GEMEENSKAPSKERK

## GEMEENTERAAD REGLEMENT

Goedgekeur en aanvaar deur die Gemeenteraad op 25 Septemeber 2019

### 1. INLEIDING

Die Fontainebleau Gemeenskapskerk (“**FGK**”) bely en beaam dat:

- 1.1 Christus is die Hoof van Sy kerk;
- 1.2 Christus verrig Sy dienswerk in Sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur die ampte van predikante, ouderlinge en diakens, om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld<sup>1</sup>;
- 1.3 die ampte van predikante, ouderlinge en diakens is gelykwaardig, maar word onderskei in opdrag en werk. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof van Sy kerk is<sup>2</sup>;
- 1.4 die opsig oor, die regering van en die tug en/of dissipline in die FGK is toevertrou aan die kerkraad van die FGK (die “**Gemeenteraad**”), wat bestaan uit al die predikante, ouderlinge en diakens van die FGK<sup>3</sup>;
- 1.5 die FGK geregeer moet word ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het.<sup>4</sup>

### 2. ROEPING VAN DIE FGK

- 2.1 Die FGK se roeping is om saam met God te leef en te werk waar God besig is om God se wêreld nuut te maak (die “**FGK Roeping**”).
- 2.2 Die FGK wil as 'n missionale NG gemeente haar gemeenskap bedien. Ten einde lidmate te help om hulle identiteit as gestuurdes te ontdek en te leer hoe om die teologie van die Missio Dei in hulle daaglikse lewe uit te leef, maak die FGK gebruik van drie uitnodigings, naamlik om te Besin, te Behoort en te Beweeg.

<sup>1</sup> Sien Artikel 4.1 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* (die “**Kerkorde**”)

<sup>2</sup> Sien Artikel 4.2 van die *Kerkorde*

<sup>3</sup> Sien Artikel 26 van die *Kerkorde*

<sup>4</sup> Sien Artikel 30 van die *Nederlandse Geloofsbeleidenis*

- 2.3 Dit is die verantwoordelikheid van die Gemeenteraad om:
- 2.3.1 die kort, medium en langtermyn rigting van die FGK te bepaal om die FGK Roeping te realiseer;
- 2.3.2 toe te sien dat voldoende prosesse en praktyke in plek is waarvolgens lidmate die teenwoordigheid van die Here kan ervaar (Besin), die gemeenskap van die gelowiges kan beleef (Behoort) en bemagtig word om vir die Here te werk soos die Heilige Gees elkeen lei (Beweeg).

### **3. AMPTE**

#### **3.1 Predikantes**

- 3.1.1 In die gemeente aanvaar die predikant verantwoordelikheid vir onderskeiding, die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die predikant is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:
- 3.1.1.1 eredienste,
- 3.1.1.2 die opbou van die gemeente,
- 3.1.1.3 onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
- 3.1.1.4 die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- 3.1.1.5 leiding en organisering van die gemeente,
- 3.1.1.6 uitoefening van Christelike liefde en tug,
- 3.1.1.7 pastorale versorging,
- 3.1.1.8 kerkplanting,
- 3.1.1.9 die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede.
- 3.1.2 Die Gemeenteraad onderskei en bepaal, saam met die predikant, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms en ander dokumentasie.

<sup>5</sup> Sien Artikel 9.4 van die Kerkorde

## **3.2 Ouderling<sup>6</sup>**

3.2.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig.

3.2.2 Die amp of bediening van die ouderling omvat:

3.2.2.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

3.2.2.2 die regering van die gemeente;

3.2.2.3 die doen van huisbesoek;

3.2.2.4 die uitoefening van opsig en tug;

3.2.2.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

3.2.2.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

3.2.2.7 die roeping om ander na Christus te lei;

3.2.2.8 die lei van eredienste waar die Gemeenteraad en die ring daartoe vergunning gegee het;

3.2.2.9 dissipelskap; en

3.2.2.10 ander opdragte wat deur die Gemeenteraad bepaal word in die lig van klousule 3.2.1.

3.2.3 Die Gemeenteraad bepaal met inagneming van klousule 3.2.2 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling.

## **3.3 Diaken<sup>7</sup>**

3.3.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef.

3.3.2 Die amp of bediening van die diaken omvat:

3.3.2.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

3.3.2.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of

<sup>6</sup> Sien Artikel 16 van die Kerkorde

<sup>7</sup> Artikel 17 van die Kerkorde

- ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;
- 3.3.2.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;
- 3.3.2.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;
- 3.3.2.5 ander opdragte wat deur die Gemeenteraad bepaal word in die lig van klousule 3.3.1.
- 3.3.3 Die Gemeenteraad bepaal met inagneming van klousule 3.3.2 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.

#### **4. GEMEENTERAAD**

##### **4.1 Ledetal**

- 4.1.1 Die Gemeenteraad bestaan uit 'n minimum van 12 (twaalf) lede (die "**Minimum Getal Gemeenteraadslede**") en 'n maksimum van 15 (vyftien) lede.
- 4.1.2 Indien die getal Gemeenteraadslede te eniger tyd minder is as die Minimum Getal Gemeenteraadslede, kan die oorblywende Gemeenteraadslede normaalweg bly optree vir 'n periode van 60 (sestig) dae nadat die getal Gemeenteraadslede geval het onder die Minimum Getal Gemeenteraadslede. Indien en vir solank as wat die getal Gemeenteraadslede minder is as die Minimum Getal Gemeenteraadslede vir 'n periode van langer as 60 (sestig) dae, sal die oorblywende Gemeenteraadslede optree met die doel om die getal Gemeenteraadslede tot die Minimum Getal Gemeenteraadslede te verhoog, maar met geen ander doel nie.

##### **4.2 Verkiesing**

- 4.2.1 Wanneer 'n vakante posisie in die Gemeenteraad ontstaan, word 'n groslys saamgestel van gemeentelade wat die posisie kan vul.
- 4.2.2 Gemeentelade word die geleentheid gebied om hulself aan te bied of ander gemeentelade voor te stel om hulle name op die groslys te plaas. Gemeenteraadslede identifiseer ook potensiële lede en plaas hulle name op die groslys.

- 4.2.3 Die finale groslys word voorgelê by 'n Gemeenteraadsvergadering waar nuwe lede verkies moet word.
- 4.2.4 By die verkiesing van nuwe Gemeenteraadslede word die behoefte aan balans in die profiel van die Gemeenteraad se samestelling in die geheel in ag geneem. Dimensies soos ouderdom, geslag, kultuur, persoonlikheidstipes en vaardighede/gawes moet oorweeg word.
- 4.2.5 Verkose kandidate word tydens twee eredienste, en twee maal in die nuusbrief, aan die FGK bekendgestel vir oorweging. Indien:
- 4.2.5.1 geen besware teen 'n kandidaat ontvang word nie; of
- 4.2.5.2 besware teen 'n kandidaat deur die Gemeenteraad verwerp word;
- word die individue as nuwe Gemeenteraadslede tydens 'n erediens bevestig.
- 4.2.6 'n Gemeenteraadslid word vir 'n periode van 3 (drie) jaar verkies en is nie normaalweg onmiddellik herverkiesbaar nie. By uitsondering kan 'n persoon wel vir bepaalde kontinuïteitsdoeleindes vir 'n verdere periode herverkies word. Hierdie addisionele periode sal normaalweg een jaar wees. Enige langer addisionele periode moet uitdruklik genotuleer word maar mag nie langer as 3 (drie) jaar wees nie.
- 4.2.7 Nuwe Gemeenteraadslede word gevra om hierdie Reglement te bestudeer en opgelei te word in geloofsonderskeiding.

### 4.3 Kworum

Die kworum vir 'n gewone of buitengewone Gemeenteraadsvergadering is:

- 4.3.1 die helfte van die aantal gevulde nie-uitvoerende Gemeenteraadslede<sup>8</sup>, afgerond na bo, plus een; en
- 4.3.2 'n predikant beroep en aangestel deur die FGK ("**FGK Predikant**") (indien 'n FGK predikant nie by 'n Gemeenteraadsvergadering teenwoordig kan wees nie of homself van 'n vergadering moet verskoon as gevolg van 'n botsing van belange, woon die konsulent van die FGK of 'n ander predikant (dienend óf geëmeriteerd), deur die ring of sy gevolmagtigde daartoe aangewys, die

<sup>8</sup> Gemeenteraadslede wat nie ook lede van die Uitvoerende Span is nie (sien klousule 5.2)

vergadering adviserend namens die ring by, met verslag aan die ring).

#### **4.4 Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba**

4.4.1 Die Gemeenteraad verkies elke November, uit die geledere van die nie-uitvoerende Gemeenteraadslede<sup>9</sup>, 'n Voorsitter en Ondervoorsitter vir die volgende kalender jaar.

4.4.2 Die Voorsitter en/of Ondervoorsitter:

4.4.3 word vir 'n tydperk van 1 (een) jaar verkies;

4.4.3.1 moes reeds vir 'n periode van een jaar of langer op die Gemeenteraad gedien het;

4.4.3.2 is, onderhewig aan sy/haar maksimum ampstermyn as Gemeenteraadslid (soos uiteengesit in klousule 4.2.6), herverkiesbaar aan die eide van sy/haar ampstermyn.

4.4.4 Die Ondervoorsitter help die Voorsitter met sy/haar take en neem by hom/haar oor soos nodig.

4.4.5 Elke Gemeenteraadsvergadering het 'n Skriba. Die Ondervoorsitter tree gewoonlik op as Skriba, tensy anders besluit deur die Gemeenteraadsvergadering.

#### **4.5 Voor vergaderings**

4.5.1 Gemeenteraadsvergaderings word normaalweg die derde Woensdag van elke maand geskeduleer van 19:00 tot 22:00.

4.5.2 Buitengewone vergaderings kan versoek word deur die Voorsitter of deur ten minste twee Gemeenteraadslede.

4.5.3 Gemeenteraadslede moet versoeke vir die plasing van sake op die sakelys nie later as een week voor die vergadering aan die Voorsitter en Skriba stuur.

4.5.4 Sake wat voorgelê word aan die Gemeenteraad moet goed gemotiveer word en sover moontlik geskrewe aanbevelings en aanbevole oplossings of

<sup>9</sup> Gemeenteraadslede wat nie ook lede van die Uitvoerende Span is nie (sien klousule 5.2)

uitkomst insluit.

- 4.5.5 Die sakelys en relevante stukke moet deur die Dagbestuur gefinaliseer en aan die Gemeenteraadslede versprei word nie later as die Vrydag voor die relevante vergadering nie.

#### **4.6 Tydens vergaderings**

- 4.6.1 Vergaderings begin met Wandel in die Woord.

- 4.6.2 Die hoofdoel van Gemeenteraadsvergaderings is om saam te onderskei hoe die Here ons lei om te Besin, te Behoort en te Beweeg en sodoende die FGK Roeping te realiseer. Daar word onderskei tussen verskillende soorte sakelysitems:

- 4.6.2.1 vir onderskeiding en besinning;

- 4.6.2.2 net vir inligting/kennisname;

- 4.6.2.3 vir bespreking, maar besluitneming eers 'n volgende keer; en

- 4.6.2.4 vir besluitneming tydens huidige vergadering, insluitende advies aan 'n ander party.

- 4.6.3 Onderhewig aan die bepalings van klousule 4.6.6, het elke Gemeenteraadslid:

- 4.6.3.1 dieselfde reg om gehoor te word;

- 4.6.3.2 'n billike kans om aan die bespreking deel te neem en 'n bydrae te lewer; en

- 4.6.3.3 een stem.

- 4.6.4 Dit is die verantwoordelikheid van die Voorsitter om die leiding en ordelike verloop van Gemeenteraadsvergaderings te verseker.

- 4.6.5 Daar word gepoog om sover moontlik konsensus te bereik oor alle sake. Die Voorsitter het 'n gewone maar nie 'n beslissende stem nie. Wanneer daar oor 'n saak gestem word geld die meerderheidstem. As 'n stemming nie 'n uitslag het nie, word die saak weer bespreek waarna stemming weer plaasvind. In geval van 'n minderheidstem, het die minderheid die reg om die minderheidstem met opgaaf van redes te laat notuleer.

- 4.6.6 Elke Gemeenteraadslid het 'n fidusiëre verpligting om 'n belangebotsing, hetsy direk of indirek, te openbaar. 'n Gemeenteraadslid moet die Voorsitter vóór die aanvang van 'n vergadering volledig in kennis stel van 'n belangebotsing of moontlike belangebotsing in die sakelys en die lid moet die vergadering verlaat vir die spesifieke gesprekke of saak. Die Voorsitter het die finale bevoegdheid om te bepaal of 'n belangebotsing bestaan.
- 4.6.7 Die Voorsitter maak seker dat elke vergadering afgesluit word met aksiestappe en duidelike besluite oor die kommunikasie wat na die FGK en die kommissies moet uitgaan.
- 4.6.8 Notules word geneem deur die Skriba en so gou doenlik na die vergadering versprei aan Gemeenteraadslede. Gemeenteraadslede word aangemoedig om so gou doenlik enige kommentaar aan die Skriba te stuur en nie te wag vir die volgende vergadering nie.
- 4.6.9 Geslote vergaderings van slegs die nie-uitvoerende Gemeenteraadslede<sup>10</sup> kan versoek word deur die Voorsitter of deur ten minste twee nie-uitvoerende Gemeenteraadslede. Die vergaderings sal normaalweg plaasvind na normale Gemeenteraadsvergaderings. Geen formele besluite van die Gemeenteraad sal tydens hierdie vergaderings geneem word. In sover dit redelik en moontlik sal kennis van sodige vergaderings aan lede van die Uitvoerende Span gegee word.

#### **4.7 Buite vergaderings**

- 4.7.1 'n Besluit waaroor daar op 'n Gemeenteraadsvergadering gestem kan word, kan in plaas daarvan aangeneem word deur skriftelike instemming van 'n meerderheid van die Gemeenteraadslede, persoonlik of deur elektroniese kommunikasie gegee, met dien verstande dat elke Gemeenteraadslid kennis gekry het van die saak waaroor daar besluit moet word.
- 4.7.2 'n Besluit wat geneem word op die manier het dieselfde uitwerking asof dit deur stemming op 'n Gemeenteraadsvergadering goedgekeur is.

#### **4.8 Gedragskode**

- 4.8.1 Elke Gemeenteraadslid moet moeite doen om nie meer as een

<sup>10</sup> Gemeenteraadslede wat nie ook lede van die Uitvoerende Span is nie (sien klousule 5.2)



Gemeenteraadsvergadering in 'n ry mis te loop nie en om oor die algemeen soveel as moontlik vergaderings by te woon.

4.8.2 Moeite moet gedoen word om die werkslas gelykmatig tussen al die Gemeenteraadslede te versprei.

4.8.3 Gemeenteraadslede moet moeite doen om as familie betrokke te wees by die FGK (insluitend erediensbywoning) en sover moontlik moet elke Gemeenteraadslid by ten minste een FGK bediening ingeskakel wees ten einde met die hartklop van die FGK in aanvoeling te bly.

## 5. STRUKTUUR

### 5.1 Kommissies

5.1.1 Die Gemeenteraad stel kommissies aan soos deur die Kerkorde vereis en addisionele kommissies na goeddunke.

5.1.2 Die Gemeenteraad bepaal die mandaat van elke kommissie en is verantwoordelik om te verseker dat die verantwoordelikheid vir die uitvoering van sekere gemeentelike aktiwiteite en duidelik omskrewe bevoegdhede aan die kommissies toegewys en gedelegeer word. Die mandaat en gedelegeerde aktiwiteite en bevoegdhede moet duidelik omskryf word en vervat word in 'n magtigingsraamwerk vir elke kommissie wat van tyd tot tyd deur die Gemeenteraad hersien moet word.

5.1.3 Die Gemeenteraad sal gereelde skakelingsgeleenthede aanmoedig en skep (ten minste kwartaaliks) tussen die Voorsitters van die kommissies onderling met mekaar en ook met die Gemeenteraad. 'n Gemeenteraadslid word op elke kommissie aangestel.

### 5.2 Uitvoerende Span

5.2.1 Die Gemeenteraad stel van tyd tot tyd gepaste persone aan om te help met die uitvoering van die gemeentelike aktiwiteite en realisering van die FGK Roeping (die "**Uitvoerende Span**").

5.2.2 Die Gemeenteraad bepaal die pligte en bedieningsverantwoordelikheid van elke lid van die Uitvoerende Span en vervat dit in 'n gepaste ooreenkoms.

5.2.3 Die Gemeenteraad is verantwoordelik om te verseker dat die verantwoordelikheid vir die uitvoering van sekere gemeentelike aktiwiteite

en duidelik omskrewe bevoegdhede aan die Uitvoerende Span toegewys en gedelegeer word. Die gedelegeerde aktiwiteite en bevoegdhede moet duidelik omskryf word en vervat word in 'n magtigingsraamwerk wat van tyd tot tyd deur die Gemeenteraad hersien moet word.

### **5.3 Dagbestuur**

5.3.1 Die Dagbestuur bestaan uit die Voorsitter, Ondervoorsitter, die leier van die Uitvoerende Span en 'n addisionele lid van die Uitvoerende Span aangewys deur die Gemeenteraad.

5.3.2 Die Gemeenteraad magtig die Dagbestuur om spoedeisende sake wat:

5.3.2.1 buite die gedelegeerde aktiwiteite en bevoegdhede soos uiteengesit in klousules 5.1 en 5.2 val;

5.3.2.2 nie tot 'n volle Gemeenteraadsvergadering kan oorstaan nie; en

5.3.2.3 nie ooreenkomstig klousule 4.6.9 hanteer kan word nie;

ooreenkomstig die Gemeenteraad se magtigingsraamwerk te hanteer. Die Dagbestuur het diskresie in die verband en moet omsigtig oor die sake terug rapporteer aan die FGK Gemeenteraad.

## **6. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT**

Geen wysiging, verandering, byvoegsel, afwyking of vervanging van hierdie Reglement sal enige gevolg of effek hê tensy dit deur 'n meerderheidsstem van 75% op 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Gemeenteraad goedgekeur is nie.